Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

"Die ander verhale oor Josia, sy dade van trou in ooreenstemming met wat in die wet van die Here geskryf staan, die verhale van vroeër en dié van later, is opgeteken in Die Boek van die Konings van Israel en Juda." 2 Kron. 35: 26-27

6 Julie 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Piet Venter

Die Doop word vanoggend bedien aan Alexander le Roux, seuntjie van Danie en Marlé le Roux. Baie geluk en baie welkom aan familie en vriende wat vanoggend saam met ons die Here aanbid.

Prediking:
Dikwels hoor 'n mens in gesprekke oor die Bybel dat mense sal sê hulle is baie bly dat hulle nie in die Ou Testamentiese tyd leef nie. God was toe so streng met sy volk met al die wette en voorskrifte wat nagekom moes word. Die Here het mense sommer maklik gestraf as hulle nie aan Hom gehoorsaam was nie.

Nou - na die Nuwe Testamentiese bedeling - is dit darem baie beter en makliker! Dit is die bedeling van God se liefde en genade. Ons kan maar net in Christus glo en dan is alles met God reg! God is ook nie nou so streng nie - lees ek dan nie erens in die Bybel dat God my sy vriend noem nie? Ek kan darem nou baie gemakliker met God wees en hoef niks te vrees nie!

Is hierdie die volle waarheid oor God se optrede in die Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese bedelings? Is God in die Nuwe Testament regtig nie meer so streng nie? Is dit makliker om nou te glo as vir Moses of Abraham?

Tema: God se groter genade in die nuwe verbond vereis ook van my groter dankbaarheid.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 169: 1, 2, 3; Lied 171: 1, 2; Ps. 111 – 2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 97 – 1: 7; Votum; Seën; Sing Ps. 99 - 1: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: HBK Sondag 9

Verootmoedigingsdiens
Die Wet uit Levitikus 19: 1 – 18;
Sing: Ps. 25 – 1: 5,6; Gebed.

Sakramentbediening
Doopformulier; Sing na die doop: Ps. 89 – 1: 2; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Hebreërs 12: 14 - 29;
Teks: Hebreërs 12: 28; Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Ps. 99 – 1: 4, 5; Seën; Amenlied Sb. 13 – 2.

GEEN AANDEREDIENSTE TYDENS DIE WINTERSKOOLRESES

MEELEWING

- Douw Grobler was by die spesialis en daar is weer aanpassings aan sy hartpasaangeeër en medikasies gedoen. Ons bid dat dit 'n positiewe verandering sal bring in sy gesondheid.
- Douw Kruger word steeds in Medikliniek vir nierversaking behandel en het intussen ook longontsteking opgedoen.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Geen katkisasie
Tee en Koffie
Geen Aanddiens

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Thusofonds (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Proponente Hulpfonds.
- Diensbeurt: Groep 34 en 35.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 6 Julie
Sr Corrie Rheeder

Maandag, 7 Julie
Sr Ria Eybers

Dinsdag, 8 Julie
Sr Linda Botha

Woensdag, 9 Julie
Sr Elize Abrie
Jbr Christian du Plessis
Sr Berna-Lou Venter
Sr Magdaleen Venter *

Donderdag, 10 Julie
Sr Jeanette Kruger

Vrydag, 11 Julie
Jsr Amelie Kruger
Jsr Carli Kruger
Sr Cornelia Schreck

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

Kom vier fees saam met ons by die

OOSDOPPERFEES,

26 JULIE 2025

ONTHOU om 'n Dankbaarheidsvorm en hulplyste in die voorportaal in te vul! Ons het die hulp van ons gemeente baie nodig om 'n sukses van die fees te maak!

- Die vleiskomitee vra vir skenkings - enige finansiële bydraes (om moontlike vleisaankope te doen) of vee om te slag. Finansiële bydraes kan direk in die kerk se rekening betaal word en gemerk word "Vleis / Vleisverwerking".

- Die pannekoek-stalletjie wil vroeg reeds lidmate identifiseer wat vir ons GASSTOFIES kan leen. Kontak asb. vir Hannetjie du Preez (082 443 0436) as jy hiermee kan help!

FINANSIëLE DIENSGROEP – KASSIER VRA

Daar word maandeliks in die kerk se bankrekening (ABSA Bank 670 340 066) inbetalings gemaak wat nie toegedeel kan word nie. Die volgende het die afgelope maand as verwysing op die kerk se bankrekening verskyn:

1. Genadegawe
2. Bydrae + raming (2 van hulle)
3. ABSA BANK 10de (2 van hulle)
4. CAPITEC BYDRAE
5. Vereffen ABSA BANK

“Genadegawe” kan bv. ook verwys na ‘n diakonale liefdegawe en moet dan aan die Diakonie oorbetaal word. Sonder duidelik verwysings is dit vir die kassier geweldig moeilik om te weet hoe die inbetalings toegedeel moet word.

Indien een van bogenoemde inbetalings dalk deur jou gedoen is, sal jy asb met die kerkkantoor in verbinding tree en net laat weet waarvoor dit is sodat die kassier die korrekte toedeling kan maak.

Wanneer u bankinbetalings doen: toon asb. op die ruimte waar daar voorsiening gemaak is met die oorbetaling na die begunstigde, die verwysing wat op die begunstigde se bankstaat gemaak moet word. Dui asb. aan die ”Van, Groep-/wyknommer, asook vir die doel”, indien dit nie vir Dankoffers gemaak is nie.

Baie dankie
Finansiële diensgroep

GKSA-NUUS

Beroepe ontvang

- Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Benoni as medeleraar.
- Ds PC (Nelius) van Rooy van GK Elandskraal na GK Kameeldrift.

DVD’s in die kerkkantoor beskikbaar om te leen

- The Bible the epic ministries - ‘n videoreeks oor die Bybel.
- A call for discernment - Justin Peters Ministries - dit gaan oor om tussen waarheid en dwaling te kan onderskei.
- ReGroup training groups to be groups - kleingroeptoerusting
- Passport - Louie Giglio - Persoonlike geloofsgroei
- Don’t waste your life - John Piper 1-3- Baie goeie reeks oor geloofsgroei.
- Mitochondrial Eve and the 3 “Daughters” of Noah. Skeppingsvraagstukke.
- Has science buried God? Prof. Dawkins and Lennox.
- The God delusion debate. Prof. Dawkins and Lennox.
- How to grow a high impact church - Chip Ingram - Gemeentebou
- Prepared - Andy Stanley - Hoe om met ongelowiges oor die Bybel te praat.
- Christian - Andy Stanley - Wat dit beteken om die naam “Christen” te dra.
- History - Louie Giglio and Andy Stanley.
- Bybel op MP3 vir iemand wat dit dalk kan gebruik.
- Verskeie kursusse van Bruce Wilkinson.

KENNISGEWINGBORD

- 2025 Skolieskamp: Dissipelskap

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Lorette Bester en groep 5, Estelle v Hamburg en groep 13, Em Volschenk en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

BLIKKIES-WARMHARTE (WARM-HARTE WERK WONDERS)

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

AANWENDING VAN SUSTERS-FONDSE

Ons susters werk reg deur die jaar hard om fondse te in. Weet jy waarvoor is dit die afgelope ses maande aangewend? Hier is die antwoord! Ons kon al die volgende instansies en mense bystaan: Groenwilgers Aftreeoord (Yskas), Huis Uitkoms Aftree-oord (Nie-bederfbare kos), Reddersburg Kinderhuis (Skryfbehoeftes en badkamerbenodigdhede), Huis Eikelaan (Pick n Pay-Geskenkbewys), Amelia Versorgingsoord (Poedings), Huis Anna Viljoen (Radio en badkamerbenodigdhede), TOPIA bediening (Kontant-donasie), Ons Hulde Versorgingsoord (JO-JO-watertenk), Abraham Kriel

Kinderhuis Nylstroom (2 borde kos per kind), Wol vir musse aan Huis Hebron, Kankerpasiente in hospitale, Ondersteuning aan Teologiese studente, Skoolklere vir Liesbet Molana (skoonmaakster) se kinders, Doopbybels wat met elke doopgeleentheid geskenk word, Kersemmers aan ons gemeente, verversings en kos met begrafnisse, asook die Waterverkoelingstelsel in die kombuis en voorportaal van die Skuur en vervanging van gordyne met blinders.

KWARTAAL-PROGRAM

DERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
22-25 Jul	**Week**	**13:00 en 18:00**	**Naamlys**	**Oosdopperfees: Vleiswerkers - etes**
26 Julie	**Saterdag**	**09:00**	**Almal**	**Oosdopperfees**
05-Aug	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering
16-Aug	**Saterdag**	**08:00**	**Almal**	**Kansa-fondsinsameling**
15-Aug	Vrydag	17:00-18:00	A	Wegneemetes (Uitreik)
12-Sep	Vrydag	17:00 - 18:00		Wegneemetes (Gesamentlik)
21 Sept	Sondag	19:00	B	Ouderlingverversings
28 Sept	Sondag	12:00	D	Nagmaalete
6 Okt - 10 Okt	Week	08:00 en 11:00	Naamlys	Kinderfees

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nuwe nommer!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch